Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE PROBLEMATIEK IN DIE NAVORSING VAN KONTEMPORÊRE KRYGSGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA[1]

*Kmdt C.J. Jacobs**


**PROBLEMS RELATING TO CONTEMPORARY MILITARY HISTORICAL RESEARCH IN SOUTH AFRICA**

As is the case after most wars, there has been a flood of material of varying quality on the so-called "Bush War". Much of this material is written by lay historians. The method of the historian is explained in an attempt to clarify why it is more difficult and more time-consuming for the historian to produce history, than it is for the journalist to produce popular-historical literature.

The task of the historian can be facilitated by improving the accessibility of documents. However, the unauthorized destruction of documents, official papers in private possession, document security, inadequate or fragmentary primary sources, and the existance of relatively few memoirs and autobiographies can prove problematic.

The writer suggests that a general amnesty for soldiers, increased flexibility with regard to security and the closer involvement on the part of the soldier on the ground, will go a long way to improving the conditions under which military historical research takes place.


## AGTERGROND

### INLEIDING

Kort na die afloop van oorloë is daar gewoonlik 'n stormloop soos wat mense poog om die geskiedenis van hierdie gebeurtenis te boekstaaf. Die gehalte hiervan wissel van koffietafelpubliekasies wat hoofsaaklik uit foto's bestaan tot goed nagevorsde werk wat poog om die gebeure op wetenskaplike wyse te probeer rekonstrueer. Joernaliste benut die geleentheid om boeke en artikels die lig te laat sien wat gebaseer is op persoonlike ervaring en informasie versamel uit koerantberigte en informele gesprekke met deelnemers aan die konflik. In die proses het van hulle vinnig geld gemaak maar is die gehalte van hulle werk soms uiters swak. Sekere boeke in 'n reeks oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wat onlangs verskyn het is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Dit kan derhalwe nie reg laat geskied aan die rol van die krygspraktisyns wat die oorlog gevoer het nie. Historici het dus 'n belangrike verantwoordelikheid in hierdie verband om werke die lig te laat sien wat meer om die lyf het en nie net op sensasie gemik is nie. Die historikus kan egter nie die geskiedenis van oorlogvoering na behore beskryf indien hy nie samewerking van die mense wat deel van die gebeurtenis was, verkry nie. Krygspraktisyns kan in die uitoefening van hulle taak die historikus se werk vergemaklik of bemoeilik soos wat aanstons aangetoon sal word, omdat hy nie die werkswêreld van die historikus verstaan nie. Samewerking tussen die twee beroepsgroepe kan derhalwe meebring dat die gehalte van die navorsing oor die SAW se geskiedenis verhoog word.

### DOEL

Die doel van hierdie voordrag is om die werkswyse van die historikus te verduidelik sodat daar beter begrip kan ontstaan oor hoekom dit moeiliker en

[1] Referaat gelewer by 'n Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing in Bloemfontein op 9-10 Oktober 1992.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

tydsamer is om geskiedenis te skryf wat wetenskaplik verantwoordbaar is, in vergelyking met populêre literatuur wat gewoonlik kort na 'n historiese gebeurtenis deur joernaliste daargestel word. Verder is dit om 'n bydrae te lewer in die vind van gesamentlike oplossings om die navorser se taak te vergemaklik.

## HOE WORD HISTORIESE WERKE GESKEP ?

### PROSESSE

Volgens die Amerikaanse historikus Allan Nevins is geskiedskrywing : "... any integrated narrative, description or analysis of past events or facts written in a spirit of critical inquiry for the whole truth."[2] Die navorsingsiklus in die daarstelling van wetenskaplik verantwoordbare geskiedskrywing bestaan uit drie stappe naamlik, die versameling van data, die evaluering daarvan en die skryf van 'n navorsingsverslag waarin die feite in 'n leesbare en sinvol geordende vorm aangebied word. In hierdie voordrag sal daar hoofsaaklik aandag geskenk word aan die eerste twee prosesse.

### INSAMELING

Anders as natuurwetenskaplikes wat eksperimente kan herhaal, doen historici navorsing oor menslike handelinge in die verlede wat eenmalig, onherhaalbaar en uniek is. Na die afloop van enige menslike gebeurtenis is daar dus drie tipes bronne wat nagelaat word en wat deur die historikus benut word om die verloop van gebeure so akkuraat as moontlik te rekonstrueer.

a. Dokumente gebruik deur die mense wat die gebeurtenis deurleef het. In die krygsgeskiedenis is voorbeelde hiervan oorlogsdagboeke, verslae, orders, seinberigte, situasierapporte, briewe en telegramme. Ook kan hierby gevoeg word die herinneringe van hierdie persone wat uiting vind in die vorm van persoonlike dagboeke, memoirs en outobiografieë. Dit alles staan bekend as geskrewe bronne.

b. Mondelinge bronne is die herinneringe van die betrokke persone wat na die tyd deur middel van bandopnames bewaar gebly het. Dit is ook die oorleweringe deur geslagte. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die mondelinge tradisie van die Swart volke waardeur die verhale van die voorvaders in herinnering geroep word.

c. Oorblyfsels is gebruiksartikels wat byvoorbeeld op 'n slagveld agtergebly het soos patroondoppies, kartetsskerwe, loopgrawe, betonfortifikasies en voertuigwrakke. 'n Goeie voorbeeld van 'n oorblyfsel uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis is die Kasteel in Kaapstad. Weens hulle ligging help hierdie voorwerpe die historikus om soos met die bou van 'n legkaart die verloop van gebeure te bepaal.

Hierdie data word verkry deur koerante, boeke en tydskrifte oor die onderwerp te lees en te kyk na watter bronne ander navorsers gebruik het. Dit staan bekend as sekondêre bronne. Vandaar word gegaan na argiefbewaarplekke, museums, besoeke aan die terrein waar die gebeure plaasgevind het en die opspoor van amptelike dokumente en persoonlike dagboeke in besit van die mense wat die gebeurtenis meegemaak het of hulle families. Daar word ook onderhoude met mense wat die gebeurtenis deurleef het, gevoer.

### VERWERKING

Nou moet daar deur hierdie stof gewerk word, dit moet ge-evalueer word om die geloofwaardigheid daarvan te bepaal en dan kan begin word om 'n artikel, boek of verhandeling te skryf. Dit is hierdie data, in die geskiedeniswetenskap bekend as primêre bronne, wat tydens die historiese gebeurtenis gehanteer word wat die soeklig laat val op die rol van die krygspraktisyn in die proses van die skep van geskiedenis. Die opstelling en hantering van primêre bronne is bepalend van hoe moeilik die navorser se taak is. Paulus se stelling dat ons in 'n spieël in 'n

[2] A. Nevins, The Gateway to History, p. 39

raaisel kyk maar eendag van aangesig tot aangesig sal sien word deur die ervaring van geskiedenisnavorsers onderstreep. Gewoonlik het die historikus nie die gebeure meegemaak nie en selfs al het hy, kon hy ook maar net 'n gedeelte daarvan waarneem. Die probleem is dat mense die bronmateriaal hanteer en dit is waar die onvolmaaktheid daarvan vandaan kom.

Die historikus kan dus nie soos die natuurwetenskaplike teruggaan na 'n laboratorium en 'n eksperiment oor en oor uitvoer nie, slegs hierdie brokke van informasie is tot sy beskikking.

## EVALUERING

Die volgende stap is om die geloofwaardigheid van die dokument en die opsteller te bepaal. In die moderne geskiedenis kom vervalsing van dokumente nie so algemeen voor soos wat dit in die geval met die beskrywing van die geskiedenis van die Middeleeue was nie. Indien daar egter twyfel oor die geloofwaardigheid van 'n dokument bestaan moet die historikus dit laat toets deur byvoorbeeld die ouderdom van die papier en/of die ink te laat bepaal. Die moeilikste is egter om die geloofwaardigheid van die opsteller te bepaal. Hier moet die navorser homself afvra of die persoon in 'n posisie was om met gesag oor die gebeure te skryf. Was hy byvoorbeeld die taakmagbevelvoerder tydens 'n operasie of 'n stafoffisier wat tydens die gebeure in Grootfontein was. Dit is tog logies dat dokumente wat deur eersgenoemde oor 'n spesifieke operasie opgestel is, geloofwaardiger sal wees. Daar moet oorweeg word of die opsteller van die dokument dalk 'n motief kon gehad het om die feite nie korrek aan te bied, in byvoorbeeld 'n oorlogsdagboek nie. Verder moet gekyk word na in hoe 'n mate die spesifieke bron ooreenstem met die getuienis uit ander.

Dit dan oorsigtelik die proses waardeur die navorser moet gaan voordat hy enigsins kan begin om te skryf. Vervolgens kan dan gekyk word na praktiese voorbeelde van probleme wat historici ondervind in die opspoor en evaluering van sekere tipes bronne.

# PROBLEMATIEK

## BEKOMBAARHEID VAN DOKUMENTE

Alle dokumente wat deur die staatsdiens gebruik word is argiewe. Volgens wet word dokumente na argiefbewaarplekke oorgeplaas waar argiefarisse dit keur en dit wat nie vir historici van belang is nie laat vernietig. Toestemming vir die vernietiging van dokumente kan slegs verkry word van die Direkteur van die Staatsargief in Pretoria. In die Suid-Afrikaanse Weermag gee die Direkteur Dokumentasiediens namens hom toestemming daartoe. Die dokumente wat oorbly word dan in argiefgroepe geplaas en navorsers raadpleep die opgestelde lyste wat aandui waar dokumente gestoor word. Die volgende probleme word egter ondervind :

a. Mense wat amptelike dokumente in hulle persoonlike besit hou en dan later eers aan argiefbewaarplekke oorhandig. 'n Praktiese voorbeeld hiervan is die dokumente van genl's George Brink en Pop Fraser. Dit beteken dat aparte argiefgroepe later vir hierdie dokumente opgestel moet word. Vir lang tye het navorsers nie toegang tot hierdie dokumente nie, omdat familie dit soms eers na so 'n persoon se dood aan argiefbewaarplekke oorhandig. Wanneer beskikbaar beteken dit weer dat nog 'n argiefgroep deur die navorser geraadpleeg moet word wat onnodige tyd verspil. Mense oorhandig dit soms aan die verkeerde bewaarplek. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die vorige Staatspresident, mnr. P.W. Botha wat dokumente aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UOVS oorhandig het. Van hierdie dokumente moes egter eerder in die SAW Argief opgeneem gewees het en wel in die argiefgroep "Minister van Verdediging P.W. Botha". Dit beteken dat die navorser 'n ekstra rit van Pretoria na Bloemfontein moet onderneem om hierdie dokumente te raadpleeg, terwyl alles bymekaar kon gewees het. Dokumente in privaatbesit kan ook baie maklik verlore raak.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

b. Ongemagtigde vernietiging van dokumente. Dit kan veral voorkom waar dokumente nog nie oorgeplaas is na die SAW Dokumentasiediens nie. Politieke groepe wat dreig met weerwraakaksies, sogenaamde Nuremburgverhore kan veroorsaak dat mense dokumente sonder toestemming vernietig. Die probleem is dat persoonlike veiligheid dan voorrang geniet en dat persone wat nie in die argiefwetenskap en geskiedskrywing opgelei is nie, so kan veroorsaak dat belangrike informasie verlore gaan. Dit impliseer verder dat historici moeilik die SAW se kant van die saak kan stel en dat die algemene publiek die rewolusionêre organisasies se weergawe van gebeure as feite kan aanvaar. 'n Politieke uitsluitsel in hierdie verband is van dringende belang. Weermaglede moet onthou dat die ongemagtigde vernietiging van dokumente teen die wet is.

c. Sekerheid. Die grootste behoefte is gewoonlik vir kontemporêre onderwerpe. Om dit te kan doen word sekerheidsklarings egter benodig, wat weer veel tyd in beslag neem. Dit skrik goeie navorsers soms af, veral omdat die Universiteite nie juis 'n simpatieke houding teenoor die navorser inneem nie en daarop aandring dat die navorsingsresultaat toeganklik vir alle akademici gemaak moet word.

## DIE HANTERING VAN DOKUMENTE

Wanneer mense dokumente opstel en sodoende argiewe skep, kom daar ook 'n aantal probleme voor.

a. Oorlogsdagboeke. In die beskrywing van operasies is hierdie dokumente een van die belangrikste bronne. Die daaglikse byhou daarvan word egter deur die meeste mense as 'n irriterende taak beskou, omdat dit inmeng met ander take wat hulle, ten regte, in daardie stadium as van groter belang beskou. Dit kom egter nie net in die SAW voor nie. Die Britse krygshistorikus, Sir Basil Liddell Hart het al in die vyftigerjare gekla dat in sy navorsing oor die twee Wêreldoorloë, hy gevind het dat die skryf van oorlogdagboeke afgelaai word op junior offisiere, sonder dat dar kontrole oor uitgeoefen word. Hulle is gewoonlik nie in staat om gebeure in perspektief te sien nie en besef nie die waarde van die dokument wat hulle opstel nie. Oorlogsdagboeke is soms uiters onleesbaar geskryf en inskrywings soos "Niks besonders het vandag gebeur nie ..." en "Alles verloop volgens plan ..." vergemaklik nie juis die historikus se taak nie. Dit is verstaanbaar dat operasionele bevelvoerders tydens die verloop van 'n operasie nie die tyd het om hieraan aandag te skenk nie, maar deur so nou en dan kontrole uit te oefen en die oorlogsdagboek veral tydens die nabetragting deur te gaan kan die gehalte van die informasie in die dagboeke verhoog word. Daar moet egter nie te lank hiermee gewag word nie omdat die mens se geheue kort is en hoe langer die tydsverloop na die gebeurtenis, hoe onbetroubaarder is dit wat by so 'n dagboek bygevoeg word. In die oorlogsdagboeke word ook soms na kaarte verwys, maar omdat die kaarte nie aangeheg word nie en afsonderlik gestoor word, raak dit weg en is 'n belangrike bron van informasie daarmee heen.

b. Radio- en Seinberigte. Afkortings en kodes word vir die doeleindes van 'n spesifieke operasie geskep, maar 'n lys van verklarings word nie ingesluit nie. Vir die deelnemers aan die operasie is dit heeltemal verstaanbaar maar vir die historikus wat dit na die tyd moet ontsyfer neem dit baie van sy kosbare tyd in beslag. Dit is dan veral moeilik om radiogesprekke te volg, terwyl in die bewegingsoorlog wat in Suid-Angola geveg is, dit net so 'n belangrike bron is as die oorlogsdagboeke. Selfs iemand wat die operasie meegemaak het sukkel na 'n paar jaar om te bepaal wat gebeur het. Kmdt.(dr.) C.M. Bakkes, wat tans besig is met die skryf Operasie Protea in 1981, het deurentyd saam met die taakmaghoof-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kwartier beweeg, maar selfs hy sukkel vandag om optredes van sekere veggroepe te kan volg, as gevolg van bogenoemde rede.

c. Operasie-orders. Hierdie is 'n belangrike bron, veral wysigings van sulke orders. Die probleem is net dat dit nie altyd bymekaar gehou word nie. So het 'n bekende historikus wyle kol. Neil Orpen in sy boek "War in the Desert" die verloop van sommige gebeure verkeerd vertolk, omdat hy nie die wysiging op sekere operasie-orders bestudeer het nie. Die ideaal is om sulke orders by die oorlogsdagboek aan te heg, sodat alle relevante informasie bymekaar is.

d. Dokumentasie in stafafdelings. Die hantering van dokumente in stafafdelings bemoeilik soms die historikus se taak aansienlik. Elementêre stafwerk word nie altyd reg gedoen nie, wat dit moeilik maak om dokumente op te spoor en selfs al is dit opgespoor, te bepaal wat gebeur het. In sommige briewe word die datum nie ingeskryf nie. Dit is dan nie so maklik om te bepaal wanneer iets gebeur het nie. Onder aan briewe en memorandums word daar plek vir 'n persoon se handtekenig gelaat maar die afskrifte van briewe is soms nie onderteken nie. Die navorser kan gevolglik nie bepaal of sekere aanbevelings goedgekeur is nie. Die oorspronklike dokument is dan waarskynlik nog in die registrasie van die betrokke stafafdeling waar dit nie maklik opgespoor kan word nie omdat lêers soms ongeordend in staalkabinette ingeprop is. Dit wil sê indien die historikus toegang hiertoe verleen word.

## MISKENDE GESKREWE BRONNE

a. Persoonlike dagboeke. Tydens die grootste gedeelte van die geskiedenis van oorlogvoering is soldate en matrose weens sekerheidsredes verbied om persoonlike dagboeke te hou. Tog is hierdie opdrag, gelukkig vir die historiese wetenskap nog altyd deur sommige mense geïgnoreer. Anders as amptelike dokumente wat geneig is om net die feite strak weer te gee, weerspieël persoonlike dagboeke soms die diepste gevoelens soos vrees en verlange na geliefdes. Dit stel die historikus in staat om nie net klinies wetenskaplik na die geskiedenis van oorlogvoering te kyk nie, maar ook die menslike sy van die drama weer te gee. Die feite soos uit amptelike dokumente saamgestel is maar net 'n geraamte en persoonlike menslike ervaring is die vleis wat bygesit word. Gewoonlik is dit die enigste bron wat dieperliggende motiewe van sekere menslike gedrag verkaf. Verder dwing dit historici om met verloop van tyd hulle vertolking te herevalueer. So het die Britse historikus David Irving deur die opspoor van persoonlike dagboeke van Duitse leiers gedurende die Tweede Wêreldoorlog, nuwe insigte verskaf oor sekere sleutelbesluite wat gedurende daardie tydperk deur 'n man soos Adolf Hitler geneem is. Mense is egter geneig om nie terwyl hulle leef sulke dagboeke beskikbaar te stel nie en eers 'n aantal jare na die tyd spoor ywerige historici dit op, maar dit neem heelwat tyd in beslag. Gevolglik wil ek 'n beroep doen op alle mense wat tydens die grensoorlog dalk sulke dagboeke bygehou het, om dit aan die SAW Dokumentasiediens te skenk of om ons toe te laat om fotostate daarvan te maak.

b. Memoirs en outobiografieë. Geskiedenisstudente aan universiteite word altyd gewaarsku teen hierdie bronne omdat selfregverdiging die meeste hierin voorkom. Aan die ander kant gee dit aan die historikus die kans om mense se kant van die saak in hulle eie woorde te bestudeer. Uit die mond van senior offisiere kry die historikus ook 'n insig in die taktiese en operasionele aspekte van die oorlog, wat mense nie juis in persoonlike dagboeke weergee nie en wat feitlik niebestaande is in amptelike dokumente. In die navorsing oor die verloop van die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika is die herinneringe van genl. C.L. de W. du Toit, wat in Militaria verskyn het, in hierdie verband van onskatbare waarde.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

As brigadebevelvoerder by El Alamein het hy in sy herinneringe informasie verskaf wat 'n goeie beeld verskaf van die taktiese probleme waarmee die Suid-Afrikaanse magte in 1942 mee te doen gekry het. Daarom is dit noodsaaklik dat mense wat reken het dat hulle sleutelrolle gespeel het in die oorlog so gou as moontlik aan die werk spring om hulle herinneringe neer te pen. Die twee boeke van kol. Jan Breytenbach oor die oorlog in Angola is reeds 'n goeie begin waarop ander mense moet voortbou. Onthou, hoe langer gewag word, hoe moeiliker is dit vir 'n mens om met 'n redelike mate van akkuraatheid te onthou wat gebeur het.

## MONDELINGE BRONNE

a. Voordele. Tegnologiese ontwikkeling in die vorm van die telefoon en radio het nuwe vyande vir die historikus geskep. In die meeste gevalle bestaan daar dan geen geskrewe rekord van sulke gesprekke nie. Die gevolg was dat historici meer moes begin staatmaak op die gebruik van onderhoude met mense wat 'n historiese gebeurtenis meegemaak het. Sulke onderhoude word op band opgeneem en dan getranskribeer. Tydens die nabetragting van sommige operasies in die noorde van SWA en in Suid-Angola is die gesprekke ook op band opgeneem. In 1990 het 'n boek van Howard Barrell oor die geskiedenis van MK verskyn onder die titel : "MK : the ANC's armed struggle." Hierdie boek is hoofsaaklik saamgestel uit materiaal wat gebaseer is op onderhoude met lede van die organisasie. Alhoewel propaganda en twyfelagtige aansprake plek-plek voorkom weergee dit baie meer objektief die verloop van gebeure uit hierdie mense se oogpunt as die geskrifte van die verlede wat net op propaganda gemik was. Die gebruik van hierdie boek saam met SAW dokumentasie het die rekonstruksie van sekere gebeure en die motiewe daarby betrokke aansienlik vergemaklik. Weer eens beskik die historikus hier oor 'n bron wat, soos persoonlike dagboeke en memoirs iets verskaf oor menslike emosie en die motiewe agter sekere optredes.

b. Nadele. Die grootste probleem met mondelinge bronne is die vervaging van herinneringe met verloop van tyd. Dit help ook nie dat mense oor sulke gebeurtenisse boeke en tydskrifte lees nie, want dan rasionaliseer hulle hul bydrae en raak nog meer deurmekaar met verskillende gebeure. 'n Goeie voorbeeld hiervan is 'n onderhoud wat ek in 1987 met genl.-maj. Neil Webster gevoer het oor sy wedervaringe gedurende die oorlog in Noord-Afrika. Ek het agtergekom dat van die dinge wat hy beweer het hy persoonlik meegemaak het, plaasgevind het op 'n sekere plek terwyl hy glad nie daar aanwesig kon gewees het nie. Hy glo dat die verwonding in sy been deur 'n Duitse vegvliegtuig op 5 Julie 1942 op die Ruweisat-rug ten suidweste van die El Alamein-vesting plaasgevind het. In werklikheid het 1 SA Brigade, waarvan hy deel was reeds op 3 Julie vanaf die rug in 'n noordoostelike rigting onttrek en was die gebied wat hy in gedagte gehad het reeds in Duitse hande. Dit maak egter nie sy getuienis waardeloos nie, want sy herinneringe van hoe die Duitse vlieënier op hom afgeduik het verskaf 'n uitstekende voorbeeld van hoe 'n persoonlike onderhoud die gebeure vir die navorser en later die leser kan laat herleef. Hy was die enigste wat nie vinnig genoeg die veiligheid van 'n loopgraaf kon bereik nie. Terwyl hy platgeval het, het dit vir sy makkers gelyk of die masjiengeweerkoeëls hom middeldeur sny. Nogtans het hy wonderbaarlik met net die wond aan sy been ontkom. In die amptelike dokumente word verwys na hitte, koue, honger en vlieë, maar in die persoonlike onderhoude kom die navorser agter hoe die gewone soldate dit beleef het. 'n Laaste probleem is dat transkribering van bande nie akkuraat gedoen word nie, maar dat die bande kort hierna vernietig word. Dit kan 'n verkeerde beeld verskaf van wat tydens 'n nabetragtingsessie gebeur

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

het. Dit sal baie help as bevelvoerders op alle vlakke toesien dat sulke bande nie vernietig word nie aangesien die transkribering reeds 'n sekondêre bron is omdat 'n verdere persoon se hantering daarvan die waarheid verwring het.

### OORBLYFSELS

In die geskiedenis van landoorlogvoering is die terrein waarop 'n slagveld plaasgevind het die belangrikste tipe oorblyfsel wat die historikus in staat stel om die verloop van gebeure te rekonstrueer. Wanneer 'n mens byvoorbeeld op Spioenkop staan en lees hoe Deneys Reitz in sy boek "Kommando" beskryf hoe hy en ander lede van die Pretoria-kommando moes terugveg om die Britse magte van die kruin af te probeer terugdryf, lewe die geskiedenis. Dit is veral wanneer die navorser die taktiese aspekte van 'n slag probeer begryp dat 'n besoek aan die terrein van onskatbare waarde is. Ou patroondoppies, uitgebrande voertuigwrakke en verlate loopgrawe help ook dat die verhaal vertel kan word. Daar is egter ook sekere struikelblokke wat die historikus se taak bemoeilik :

a. Politieke faktore bring mee dat toegang tot die terrein en sommige museums nie toeganklik is nie. Tot in 1990 was dit vir Suid-Afrikaanse navorsers feitlik onmoontlik om Egipte te besoek en vir enige Westerling is dit steeds 'n risiko om dit in Gaddafi se Libië te waag. Dit is waarskynlik te betwyfel of die Angolese regering toegang tot sekere gebiede in hulle land sal toelaat.

b. Die lang afstande en swak ontwikkelde infrastruktuur maak dit duur om so 'n plek te besoek. Foto's kan nie werklik opmaak vir 'n besoek aan die plek waar die gebeurtenis hom afgespeel het nie.

c. Oorblyfsels vergaan met tyd. Erosie, roes, wind en weer bring alles mee dat hierdie hulpmiddel nie vir onberperkte tydsduur as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Die probleem word vererger deur die plaaslike bevolking wat na gebruiksartikels soek en ook skattejagters wat net nie die versoeking kan weerstaan om voorwerpe wat op slagvelde lê in hulle huise uit te stal nie. Al sou mense voorwerpe nie verwyder nie bring die blote verskuiwing daarvan 'n verwronging van die beeld van wat gebeur het, mee.

## SLOTSOM

### DIE TAAK VAN DIE HISTORIKUS

Die Nederlandse historikus Pieter Geyl het beweer dat geskiedenis 'n debat sonder einde is. Daarmee het hy bedoel dat met verloop van tyd navorsers nuwe dokumente, oorblyfsels en persone wat later eers oor hulle wedervaringe praat, bekom. Dit bring mee dat die geskiedenis voortdurend hervertolk word. Sommige bronne is gewoonlik ook eers omtrent drie dekades na 'n gebeurtenis toeganklik vir navorsers. Met die beste wil in die wêreld kan veral 'n navorser van kontemporêre krygsgeskiedenis dus nie maklik 'n volkome volledige, wetenskaplik verantwoordbare navorsingsverslag skryf nie. Die grootste behoefte by die publiek en krygspraktisyns is egter juis dit en nie oor gebeure wat verder in die verlede lê nie. Om hierdie probleem gedeeltelik aan te spreek kan 'n aantal voorstelle oorweeg word.

### VOORSTELLE

a. Vrywaring en amnestie. Hoe gouer sekere politieke groepe hulle onregverdige dreigement van vervolging oor wat tydens operasies plaasgevind het, teen lede van die SAW staak, hoe swakker is die kans dat waardevolle informasie verlore sal raak deur onverantwoordelike vernietiging van dokumente. Die grootste probleem hiermee is dat die waarheid verkrag kan word sonder dat lede van die SAW hulself hierteen kan verweer. Dit is dus gewoonlik 'n geval van die baba wat saam met die badwater uitgegooi word.

b. Sekerheid. Groter buigsaamheid aan die kant van Afdeling Militêre Inligting oor materiaal wat gebruik mag word sal ook die navorser se taak aansienlik vergemaklik. Daar

sal ook drasties iets gedoen moet word om die proses van klaring van mense te versnel. Navorsers van buite die SAW, wat oor 'n spesifieke onderwerp werk hoef tog immers net geklaar te word om met daardie betrokke materiaal te werk en nie in die algemeen vir werk in die organisasie nie. So 'n spesiale klaring kan dalk vinniger afgehandel word. Daar is ook defnitief 'n neiging om te oorklassifiseer. In elk geval word daar in enkele gevalle pogings aangewend om die SAW se betrokkenheid in sekere gebeure te verbloem, terwyl die media soms die aard daarvan akkurater as die dokumente in die argiewe beskryf. Universiteite sal ook groter buigsaamheid aan die dag moet lê. Wanneer navorsing oor 'n geklassifiseerde onderwerp gedoen word kan die student byvoorbeeld oor 'n geslote dokument ge-evalueer word, maar daarna 'n ander dokument, met sekere sensitiewe informasie weggelaat, vir algemene publikasie die lig laat sien.

c. Betrokkenheid. Krygspraktisyns moet so gou as moontlik hulle herinneringe neerpen en hulself beskikbaar stel vir onderhoude. Op hierdie wyse kan 'n poel van waardevolle informasie opgebou word, voordat mense vergeet of soveel tyd ver-loop dat baie van hulle te sterwe gekom het voordat die informasie bekom is.

d. Keuse van navorsers. Daar is tans 'n miernes van aktiwiteite aan die gang soos wat verskeie persone meewerk aan die boekstawing van die geskiedenis van oorlogvoering in Suidelike Afrika. Bevelvoerders van formasies en eenhede moet egter versigtig wees vir mense wat dit net sien as 'n geleentheid om geld te maak en nie die belange van die historiese wetenskap of die SAW op die hart het nie. Dit sal hulle die moeite loon om vas te stel wat die persoon se kwalifikasies en ervaring is. Pas veral op vir persone wat belowe om in 'n kort tyd 'n boek te skryf. Soos gesien is die proses om deeglike navorsing te doen tydsaam, maar die enigste wat reg kan laat geskied aan die mense wat aan die oorlog deelgeneem het.

## GEVOLGTREKKING

Dit is dus duidelik dat krygshistorici en krygspraktisyns in die toekoms sal moet saamwerk om te verseker dat die geskiedenis van oorlogvoering in Suidelike Afrika in die algemeen en diè van die SAW in die besonder, behoorlik geboekstaaf en vir die nageslag bewaar word. In hierdie verband kan hierdie simposium dien as 'n platform vanwaar dit geloods word.

*Kmdt C.J. Jacobs MA is tans 'n navorser in Krygsgeskiedenis by die Dokumentasiediens, SAW.